Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2026

GESKIEDENIS V2 NASIENRIGLYN

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 29 bladsye.

Free past papers & memos at studypapers.co.za

1. BRONGEBASEERDE

1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vra te ontwikkel gedurende die assessering van bron gebaseerde vrae:

KOGNITIEWE VLAKKE	HISTORIESE VAARDIGHEDE	GEWIGSTOE-KENNING VAN VRAE
VLAK 1	• Onttrek inligting uit bronne. • Selektering en organisering van relevante inligting uit bronne. • Definieer historiese konsepte/terms	**30%** **(15)**
VLAK 2	• Interpretasie van bewys uit die bronne • Verduidelik inligting verkry van die bron • Analiseer bewyse uit die bron	**40%** **(20)**
VLAK 3	• Interpreteer en evalueer inligting en data uit bronne • Skakel met bronne om betroubaarheid, bruikbaarheid en eensydigheid vas stel. • Vergelyk en kontrasteer interpretasies en persektiewe in die bronne en kom tot 'n onafhanklike gevolgtrekking.	**30%** **(15)**

1.2 **Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aandui.
- By die assessering van oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoorde.
- Daar word van leerlinge verwag om 'n standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vrae om enige punte te verdien.

1.3 **Assesseringsprosedure vir brongebaseerde vrae**

- Gebruik 'n regmerk (√) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken(√√√√); (1 x 2) wat neerkom op een rede en √twee punte tooegeken word (√√)
- Indien 'n vraag 4 punte tel word 4 regmerke (√√√√) aangedui

Free past papers & memos at studypapers.co.za

Paragraafvraag

Paragrawe moet globaal (holisties) geassesseer word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (•) by elke punt binne – in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord
- Lees die paragraaf weer om die mate waartoe die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord, te evalueer.
- Maak regmerkies (√) wat aan die kandidaat vir die paragraaf toegeken is, aan die einde van die paragraaf, sowel as die vlak (1, 2 of3) soos in die holistiese rubriek aangedui en gee kommentaar, bv.

_____ + _____ + _____
_____ + _____ + _____
√√√√
Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf.

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt onder in die regterkantse kantlyn. 32/50
- Maak seker dat die punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordboek oorgedra word.

2. OPSTELVRAE

2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle mooontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê As dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.

Free past papers & memos at studypapers.co.za

2.3 **Globale assessering van ’n opstel**

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as ’n geheel sal bepunt sonder om doe samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om ’n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om ’n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs ‘feite’ neer te skryf om ’n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om ‘model – antwoorde’ voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konsrtuksie/ daarstelling van ’n argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag

2.4 **Assessering prosedures van ’n opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer jy die opstel assesseer.

2.4.2 Gedurende die eerste lees van die opstel moet punte gegee word vir ’n relevante inleiding (aangedui deur ’n bullet in die nasienriglyne) elk van die hoof punte/aspekte wat korrek gekontekstuleer is (ook aangedui deur ’n bullet in die nasienriglyne) en ’n relevante slot (aangedui deur ’n bullet in die nasienriglyne). Bv in ’n antwoord waar daar 5 hoofpunte is sal daar 7 punte wees.

2.4.3 Hou die **PEEL** struktuur in gedagte by die assessering van die opstel.

P: PUNT	Die kandidaat lei die opstel in met ’n argument/’n duidelike hoofpunt. Elke paragraaf moet ’n punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun.
E: VERDUIDELIKING	Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is.
E: VOORBEELD	Die kandidaat moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument, Relevante voorbeelde moet gegee word om argument volt e hou.
L: SKAKEL	Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is.

Free past papers & memos at studypapers.co.za

2.4.4 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoof aspekte en slot nie korrek gekontekstueer 
- Verkeerde stelling
- Irrelevante stelling
- Herhaling **H**
- Analise **A** √
- Interpretasie I √
- Lyn van argument **LVA** 

Die matriks

2.5

2.5.1 Gebruik die matriks vir die assessering van opstelle
In die assessering van 'n opstel moet die gegewe kriteria in die rubriek gebruik word. In die assessering van die opstel moet aandag gegee word aan beide die inhoud en die aanbieding. By die punt van kruising tussen die inhoud en die aanbieding moet 'n punt gegee word.

(a) Die eerste lesing van die opstel sal wees om te bepaal tot watter mate die hoof aspekte gedek is en om die **inhoudsvlak** te bepaal (in die rubriek).

I	**VLAK 4**	

(b) Die tweede lesing van die opstel sal verband hou met die vlak van **aanbieding** (in die rubriek).

I	**VLAK 4**	
A	**VLAK 5**	

(c) Gee 'n algehele punt deur die matriks te gebruik

I	**VLAK 4**	} **30–33**
A	**VLAK 5**	

Free past papers & memos at studypapers.co.za

Rubriek vir die assessering van opstel: – TOTAAL: 50

	VLAK 7	VLAK 6	VLAK 5	VLAK 4	VLAK 3	VLAK 2	VLAK 1
AANBIEDING → **INHOUD** ↓	Baie goed en gestruktureerd. Goeie sintese van inligting. 'n Goed gebalanseerde en onafhanklike argumentslyn is ontwikkel met bewyse. Argument deurgans volgehou en verdedig.	Goed beplan en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argumentslyn gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig.	Goed beplan en gestruktureerde opstel. 'n Duidelike argumentslyn ontwikkel. Gevolgtrekkings vanaf bewyse verkry. Onafhanklike gevolgtrekking. Bewyse gebruik om gevolgtrekking te ondersteun.	Argument bepal en gestruktureer Getuienis gebruik om argument te ondersteun. Slotsom op grond van getuienis.	Toon soms bewyse van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argumentslyn vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur getuienis nie.	Poging aangewend om 'n antwoord te strukture er. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel.	Weinig of geen poging om die opstel te struktureer.
VLAK 7 Vraag is ten volle beantwoord.	**47–50**	**43–46**					
VLAK 6 Vraag is beantwoord.Inhoud seleksie relevant tot die argument wat gevolg is.	**43–46**	**40–42**	**38–39**				
VLAK 5 Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud genoegsaam en relevant.	**38–39**	**36–37**	**34–35**	**30–33**	**28–29**		
VLAK 4 Vraag herkenbaar in antwoord. Gebreke ten opsigte van inhoud of irrelevante inhoudseleksie.			**30–33**	**28–29**	**26–27**		
VLAK 3 Inhoudseleksie hou verband met die vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie.Weglatings.				**26–27**	**24–25**	**20–23**	
VLAK 2 Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal.					**20–23**	**18–19**	**14–17**
VLAK 1 Vraag ontoereikend beantword. Ontoereikende of irrelevante inhoud.						**14–17**	**0–13**

Riglyne vir allokasie van Vlak 1 punt:

- Vraag nie geaddreseer/total irrelevante inhoud; geen poging om opstel te struktueer nie = 0
- Inhoud keuse sluit basiese en algemene irrelevante inligting; geen poging om opstel te konstrueer nie = 1 – 6
- Vraag ontoereikend geaddresseer en vaag; geen poging om opstel te struktueer = 7–13

Free past papers & memos at studypapers.co.za

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

VRAAG 1: HOE HET DIE MASS DEMOCRATIC MOVEMENT (MDM) DIE SEGREGASIEWETTE VAN DIE APARTHEIDSREGERING IN DIE 1980's UITGEDAAG?

1.1 1.1.1 *[Verduideliking van'n historiese konsep uit Bron 1 A – V1]*

- Organisasies/groepe wat gekant was teen die apartheidsregering
- Organisasies/groepe wat die apartheisregering wou omverwerp
- Organisasies/groepe wie hulle beywer het om die onregverdige apartheiswette te beëindig
- Enige ander relevante (enige 1 x 2) (2)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1 A – V1]*

- 'Mass Democratic Movement (MDM)' (1 x 2) (2)

1.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1 A – V1]*

- 'basiese strukture moes versterk'
- 'al daardie organisasies van buite moes inbring (insluit)
- 'sodat hulle by die stryd betrokke kon raak' (enige 2 x 1) (2)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*

- Die MDM het verseker dat alle geaffilieerdes 'n gemeenskaplike visie van 'n demokratiese, nie-rassige Suid-Afrika gedeel het
- Alle organisasies wat deel van die MDM wou wees moes die voorwaardes van die ANC se Vryheidsmanifes nakom
- Weerstand het nie net gegaan oor die afbreek van apartheid nie, maar ook oor die bou van 'n nuwe Suid-Afrika gebaseer op die Vryheidsmanifes se visie van geregtigheid, gelykheid en demokrasie.
- Die vryheidstryd wat deur die MDM gevoer is, was gerig teen die verwerkliking van die fundamentele beginsels van die Vryheidsmanifes
- Organisasies wat by die MDM aansluit moet anti-apartheid wees
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

Free past papers & memos at studypapers.co.za

1.2 1.2.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*

- Dit wys die verwerping van apartheid se poging om selfs die mees basiese mensereg te beheer- toegang tot gesondheidsorg
- Apartheidswette wat diskriminasie in hospitale bevorder het, is veroordeel/teengestaan deur groepe wat by die MDM geaffilieer is, bv. NUSAS
- MDM het gesondheidsverskaffing en behandelings van mense wat op apartheidsdiskriminasie gebaseer was, verwerp – desegregeer hospitale
- 'n Oproep is deur die MDM gemaak om alle hospitale te desegregeer en oop te maak vir alle rasse
- Betogers bestaan uit verskillende rassegroepe – insluiting van NUSAS
- Apartheid se segregasie was onregverdig, gesondheidsorg was 'n mensereg en eenheid in verset kon die wettigheid van die regime ondermyn.
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*

- 'n Koalisie van alle rasse verenig teen apartheid se onregte
- Die optog het uit 'n veelrassige groep betogers bestaan (swart mense en wit mense)
- Dit het oorgedra dat gesondheidsorg-segregasie vir Suid-Afrikaners oor rassegrense heen onaanvaarbaar was.
- Die afbreek van apartheid het kollektiewe weerstand vereis.
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.3 *[Vergelyking van bewyse uit Bronne 1A en 1B – V3]*

- Bron 1A verwys na MDM-betogers teen slegs blanke hospitale en Bron 1B toon MDM-veelrassige betogers teen segregasie by die Addington Hospitaal in Durban wat slegs vir wit mense was
- Beide bronne beklemtoon burgerlike ongehoorsaamheid/vreedsame veldtogte wat deur die MDM teen segregasiewette georganiseer is
- Beide bronne toon veelrassige verset
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4 1.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*

- 'Tutu'
- 'Boesak' (2 x 1) (2)

Free past papers & memos at studypapers.co.za

1.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*

- Tutu het beklemtoon dat dit nie 'n geringe botsing was nie, maar 'n doelbewuste daad van massamoord deur die polisie
- Tutu veroordeel die wrede moorde van betogers op die dag van die verkiesing deur die polisie
- Tutu het die polisie uitgebeeld as oortreders van geweld teen burgers
- Polisie toon geen respek vir die lewens van betogers nie
- Tutu glo dat daar geen regverdiging is vir enige lewensverlies van vreedsame betogers nie, ongeag die aantal wat doodgemaak is/ is dit 'n misdaad
- Dit was 'n skandaal (skande) omdat die insident toegesmeer is
- Die lewens van mense wat vermoor is, is deur die regering tot statistieke verlaag
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*

- 'die optog sou geweldloos wees' (1 x 1) (1)

1.4.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*

- De Klerk wou Suid-Afrikaners verseker dat die apartheidsregering bereid was om te onderhandel
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

1.4.5 *[Evalueering van die bruikbaarheid van bewyse uit Bron 1C- V3]*

Die bron is BRUIKBAAR omdat:

- Dit kom uit 'n boek wat deur 'n akademikus en bekende skrywer van Geskiedenisboeke, Anthea Jeffery, geskryf is
- Die datum van die vredesoptog (13 September 1989) was op die dag waarop die Parlement moes hervat na polisiewreedheid op verkiesingsdag
- Dit verduidelik die werklike gebeure wat op 13 September 1989 gedurende die vredesoptog na die Kaapstad Stadsaal wat deur die MDM gereël is, plaasgevind het
- Dit dui aan dat prominente leiers van die MDM, soos Boesak en Tutu, wie bygedra het tot die organisering van die optog om die apartheidsregime uit te daag
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

Free past papers & memos at studypapers.co.za

1.5 1.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*

- 'ingeperk'
- 'gearresteer'
- 'aangehou'
- 'Tutu se vrou is twee keer tydens onwettige optogte gearresteer'
- 'Boesak en Tutu (is) aangehou' (enige 3 x 1) (3)

1.5.2 *[Verduideliking van 'n historiese konsep uit Bron 1D – V2]*

- Vreedsame optogte/geweldlose optrede deur MDM daarop gemik om ongehoorsaam teen onregverdige apartheidswette te wees.
- Vreedsame protesveldtogte deur MDM daarop gemik om onregverdige wetgemig te ondermyn
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.5.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*

- 'optoggangers met knuppels en sambokke te slaan'
- '… sy kollegas soos 'wilde honde met 'n moordinstink' opgetree het. (enige 1 x 2) (2)

1.5.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*

- Rockman het beklemtoon dat hul gedrag alle sin van dissipline, selfbeheersing of menslikheid verloor het
- Dit wys dat Rockman teen polisiewreedheid was.
- Hy het jammer vir die betogers gevoel
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

Free past papers & memos at studypapers.co.za

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse vanuit relevante bronne –V3]*
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Die MDM is gestig (nadat die UDF in 1988 verban is) as 'n koalisie van anti-apartheidsgroepe uit grondvlak-gemeenskapsorganisasies wat by die stryd betrokke was (Bron 1A)
- Die MDM (as 'n los koalisie met geen permanente organisasiestruktuur nie wat ondersteuning by swart gemeenskappe gekry het) sou die Vryheidsmanifes as voorwaarde vir affiliasie gebruik (Bron 1A)
- Hulle het burgerlike ongehoorsaamheidsveldtogte georganiseer deur die noodtoestand en apartheidswetgewing, soos hospitale en strande slegs vir wit mense, deur vreedsame optogte te minag (Bron 1A en 1D)
- Hulle het die noodtoestandregulasies wat op daardie stadium van krag was, geminag/uitgetart (Bron 1A)
- Hulle het uittartingsveldtogte georganiseer wat veelrassige groepe betrek het teen die apartheidsregering se hospitaal- en gesondheidsegregasiebeleide (Bron 1B)
- Hulle het vredesoptogveldtogte teen die apartheidsregering se moorde op mense en apartheidswetgewing gereël (Bron 1C)
- Hulle het versetveldtogte gehou wat die laaste spyker in die doodskis van apartheid was en De Klerk geforseer het om noodtoestandregulasies te verslap en wat die weg vir gesprekke met die vryheidsbeweging gebaan het (Bron 1C)
- Hulle vertoon ANC-slagspreuke/vlae/baniere openlik (Bron 1C)
- Hulle aktiwiteite het polisiewreedheid ontbloot (Bron 1D)
- Uittartingsveldtogte is gedurende 1989 regdeur SA deur die MDM georganiseer wat druk op die Suid-Afrikaanse regering geplaas het om van mag afstand te doen (eie kennis)
- Polisiewreedheid gedurende die 1989-vredesoptog en ander versetveldtogte wat deur die MDM georganiseer is, is internasionaal veroordeel deur die VSA en die VK en het die apartheidsregering ongewild gemaak (Bron 1D en eie kennis)
- Die veldtogstrategieë van die MDM het massiewe ondersteuning van die massa ingebring wat die apartheidsregering gedwing het om uiteindelik hulle beleid te verander (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Free past papers & memos at studypapers.co.za

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	• Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor hoe die MDM die segregasiewette van die apartheidsregering in die 1980's uitgedaag het.** • Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie.	**PUNTE 0 – 2**
VLAK 2	• Bewyse meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor hoe die MDM die segregasiewette van die apartheidsregering uitgedaag het.** • Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf.	**PUNTE 3 – 5**
VLAK 3	• Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip oor hoe die MDM die segregasiewette van die apartheidsregering uitgedaag het.** • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van onderwerp.	**PUNTE 6 – 8**

(8)
[50]

Free past papers & memos at studypapers.co.za

VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE MOORD OP DIE PEBCO-DRIE HANTEER?

2.1 2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*

- 'Om deur middel van massaprotesoptogte en deelname vir die regte van die mense te veg'
- 'daarop te fokus om te probeer om die lewensomstandighede van die massas te verbeter '
- 'om diskriminerende wetgewing in die Oos-Kaap te beëindig'

(enige 1 x 1) (1)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*

- 'duisende mense bymekaar gekom'
- 'sekere produkte geboikot' (2 x 1) (2)

2.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A –V1]*

- 'Die Vryheidsmanifes, wat in die 1950's geskep is (1 x 2) (2)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*

- Om PEBCO as 'n organisasie te verswak
- Om enige beweging te onderdruk wat die stabiliteit van die apartheidsregering bedreig het
- Om hulle te vermoor of uit die weg te ruim
- Om politieke geweld in die Oos-Kaap te beïndig / om te verhoed dat hulle gemeenskappe in die Oos-Kaap aanhits
- Hulle verdwyning en moord het 'n grusame boodskap uitgestuur om 'n bewustheid van vrees onder politieke aktiviste te vestig
- Om inligting oor politieke aktiviste in die townships te bekom/ die ANC en kommunistiese invloed te verswak
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.2 2.2.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*

- Dit was 'n nuuswaardige gebeurtenis op daardie tydstip omdat die PEBCO Drie welbekende, invloedryke en prominente leiers in Port Elizabeth was
- Om simpatie by die publiek te verkry deur die aktiwiteite van die staat te ontbloot
- Om die bewusheid van die verdwyning van die PEBCO – Drie te verhoog
- Om die vuil taktieke van die polisie bloot te lê
- Om te wys dat die families van die PEBCO-Drie hulle op die publiek beroep het vir informasie of hulp ten opsigte van hul verdwyning
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

Free past papers & memos at studypapers.co.za

2.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*

- Hulle wou die waarheid weet oor die verdwyning van hulle familielede
- Selfs al het die ergste gebeur, wou hulle waardigheid herwin deur die lot van hul geliefdes te ken
- Die soektog was nie net persoonlik nie – dit was polities, en het aanspreeklikheid van 'n stelsel geëis wat op onderdrukking gebou is
- Hulle wou hê dat die beskuldigers na-vore moes kom en vertel wat met die PEBCO-drie gebeur het
- Hulle sal nie berusting kry voordat die mans gevind word nie, dood of lewendig
- Hulle het vermoed dat die veiligheidspolisie hulle vermoor het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3 *[Vergelyking van bewyse uit Bronne 2A en 2B – V3]*

- Bron 2A beklemtoon dat die leiers van die PEBCO-drie ontvoer was en in Bron 2B is die hoofopskrifte oor die vermiste PEBCO mans het
- Beide bronne 2A noem die name van die drie mans wat ontvoer was as Sipho Hashe, Champion Godolozi, en Qaqawuli Galela
- Bron 2A (verwys na hulle as leiers) en Bron 2B (uitvoerende leiers)
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.4 2.4.1 *[Definisie van historiese konsep uit Bron 2C – V1]*

- 'n Voormalige guerrilla wat in 'n polisie-spioen verander het
- 'n Voormalige politieke aktivis wat deur veiligheidsmagte gewerf word
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.4.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C -V 1]*

- ' 'n probleem te hanteer wat die polisie ondervind het met aktiviste wat probeer het om die townships onregeerbaar te maak.'

(1 x 1) (1)

2.4.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*

- Die braai het gesimboliseer hoe alledaags en gemaklike geweld vir die veiligheidsmagte geword het
- Om 'n braai tydens ondervraging te hou, was 'n manier om die lyding van aktiviste tot agtergrondgeraas te verminder terwyl die oortreders hulself geniet het
- Dit wys dat die polisie gruweldade kan pleeg sonder morele konflik
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

Free past papers & memos at studypapers.co.za

2.4.4 *[Evalueer die betroubaarheid van Bron 2C – V3]*
Hierdie bron is BETROUBAAR omdat:
- Die bron bevat die oorspronklike getuienis van Joe Mamasela voor die amnestiekomitee van die WVK
- Mamasela was 'n ooggetuie oor hoe die Pebco-drie vermoor is
- Dit is 'n getuienis wat Mamasela aan die WVK Amnestiekomitee wat in 1997 in Port Elizabeth gehou is, voorgelê het
- Die inligting is afkomstig van die webwerf van die Departement van Justisie in die Republiek van Suid-Afrika
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.4.5 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V 1]*
- 'geskop'
- 'geslaan'
- 'met 'n stok en 'n staalpyp geslaan' (enige 2 x 1) (2)

2.5 2.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*
- 'Port Elizabeth - lughawe' (enige 1 x 1) (1)

2.5.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- Daar was gapings in hul getuienisse
- Hulle was nie eerlik in hul aansoeke nie
- Hul getuienis het nie aan die vereistes van die amnestieproses voldoen nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.5.3 *[Verduideliking van historiese konsep uit Bron 2D – V2]*
- Die onwettige ontvoering van drie anti-apartheid-aktiviste deur die Suid-Afrikaanse veiligheidspolisie in 1985
- Die geheime, onwettige verwydering van die drie aktiviste om weerstand deur die veiligheidspolisie in 1985 te onderdruk
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.5.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- 'Van Zyl'
- 'Niewoudt'
- 'Lotz' (3 x 1) (3)

Free past papers & memos at studypapers.co.za

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse vanuit relevante bronne – V3]*
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Families het die koerant genader om die waarheid oor die verdwyning van die PEBCO-drie leiers uit te vind (Bron 2B)
- Die WVK het die amnestieproses ingestel in ooreenstemming met die Wet op Versoening van die Bevordering van Nasionale Eenheid (eie kennis)
- Die WVK het getuienisse gehoor van die oortreders/moordenaars van die PEBCO-drie (Bron 2C)
- Die oortreders is die geleentheid gegee om volle openbaarmaking te maak (Bron 2C)
- Die WVK het die oortreders toegelaat om hul sake voor te lê omdat die moord op die PEBCO-drie binne die tydperk wat deur die Wet bepaal is, plaasgevind het. (Bron 2C)
- Die amnestieverhore wat in November 1997 in Port Elizabeth gehou is, is vir openbare ondersoek oopgestel (Bron 2C en Bron 2D)
- Die WVK het ’n platform aan Mamasela verskaf om die waarheid te vertel oor hoe die PEBCO-drie vermoor is (Bron 2C)
- Die oortreders en getuies het verskillende weergawes gehad van hoe die PEBCO-drie vermoor is (eie kennis)
- Die amnestie-aansoek van die veiligheidspolisie is deur die weduwees van die hand gewys (Bron 2D)
- Amnestie is nie toegestaan nie aangesien volle openbaarmaking nie deur die veiligheidspolisie gemaak is nie (Bron 2D)
- Vier Sekuriteitspolisie is amnestie geweier (Bron 2D)
- Die WVK het die families en familielede van die PEBCO-drie in staat gestel om uit te vind hoe hul geliefdes vermoor is / om afsluiting te vind (Bron 2D)
- Enige ander relevante antwoord

Free past papers & memos at studypapers.co.za

Gebruik die volgende rubriek om 'n punte toe te ken:

VLAK 1	• Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor hoe die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) die moord op die PEBCO-drie hanteer het.** • Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie.	**PUNTE 0–2**
VLAK 2	• Bewyse is meestal relevant en hou in groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon 'n mate van begrip oor hoe die Waarheids-en-Versoenings-kommissie (WVK) die moord op die PEBCO-drie hanteer het.** • Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf.	**PUNTE 3–5**
VLAK 3	• Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip oor hoe die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) die moord op die PEBCO-drie hanteer het.** • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon.	**PUNTE 6–8**

(8)
[50]

Free past papers & memos at studypapers.co.za

VRAAG 3: HOE AFFEKTEER GLOBALISERING DIE EKONOMIEË VAN ONTWIKKELDE EN ONTWIKKELENDE LANDE?

3.1 3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

- 'om organisasies 'n beter mededingende posisie met laer bedryfskoste te bied'
- 'om 'n groter aantal produkte, dienste en verbruikers te bekom'

(2 x 1) (2)

3.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*

- Dit dui daarop dat mededingendheid verbeter word deur nuwe kliënte te bereik en afhanklikheid van bestaande markte te verminder.
- Skep van nuwe beleggingsgeleenthede deur die opening van addisionele markte
- Die nastreef van nuwe grondstowwe en hulpbronne beklemtoon die belangrikheid van die beveiliging van voorsieningskettings en die vermindering van risiko
- Dit dui daarop dat mededinging nie beperk is om mededingers binne bestaande grense te oortref nie, maar bereik word deur die ekonomiese landskap te hervorm deur innovasie, markuitbreiding en hulpbronne
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

- 'organisatoriese risikofaktore te verlaag.'
- 'belange in verskillende gebiede te versprei.'
- 'voordeel te trek uit markgeleenthede.'
- 'Verkryging van maatskappye, beide horisontaal en vertikaal van aard'

(enige 3 x 1) (3)

3.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

- 'Noorweë'
- 'Ierland'
- 'Switserland'
- 'Ysland'
- 'Hongkong (China)'
- 'Duitsland'
- 'Swede'
- 'Australië'
- 'Nederland'
- 'Denemarke' (enige 1 x 1) (1)

Free past papers & memos at studypapers.co.za

3.2 3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- 'tot verhoogde internasionale handel gelei'
- ' 'n maatskappy wat in meer as een land bedrywig is'
- 'Groter afhanklikheid van die globale ekonomie'
- 'vryer beweging van kapitaal, goedere en dienste'
- 'erkenning soos McDonald's en Starbucks in ekonomies minder ontwikkelde lande (EMOL)' (enige 2 x 1) (2)

3.2.2 *[Definisie van historiese konsep uit Bron 3B – V1]*
- 'n Ontwikkelde land is 'n nasie wat 'n hoë vlak van ekonomiese groei, industrialisasie en algehele lewenstandaard bereik het.
- Hierdie lande word dikwels na verwys as gevorderde ekonomieë of hoë-inkomste lande.
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
Om die Noorde en Weste te voorsien van:
- 'Goedkoop arbeid' en
- 'Grondstowwe' (2 x 1) (2)

3.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*
- Multinasionale korporasies stuur dikwels winste terug na hul tuisland eerder as om plaaslik te herbelê.
- Beleggings kan op kapitaalintensiewe nywerhede fokus wat nie baie werksgeleenthede vir plaaslike werkers skep nie.
- Selfs wanneer werksgeleenthede geskep word, kan dit laagbetaal wees of voordele wat werklike verbeterings in lewenstandaarde beperk, ontbreek
- As plaaslike inwoners nie die nodige vaardighede het nie, kan maatskappye buitelandse werkers inbring in plaas daarvan om plaaslik aan te stel
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3 3.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*
- Leiers word as bewaarders van balans tussen ontwikkelde en ontwikkelende lande gesien.
- Hulle verteenwoordig die poging om die speelveld gelyk te maak en kleiner ekonomieë 'n stem in wêreldhandelsonderhandelinge te gee.
- Dit wys die idee dat voorspoed bereik word deur samewerking, oop markte en gedeelde reëls
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*
- Arm of ontwikkelende lande wou nie armoede in hul lande uitroei nie
- Arm of ontwikkelende lande wou die skeiding tussen ryk en arm handhaaf
- Arm lande wil globalisering vir die bevoorregtes gebruik om te integreer of aan die standaarde van die ontwikkelde lande te voldoen
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

Free past papers & memos at studypapers.co.za

3.4 *[Vergelyking van bewyse uit Bronne 2B en 2C –V3]*

- Bron 3B noem dat die VSA MacDonalds, een van die maatskappye is wat in verskeie lande bedryf word, dit het byna 30 000 restaurante in 119 lande, maar al die winste behou wat gewys word in Bron C waar Amerika sê dat die armes in ontwikkelende lande nie bevoordeel sal word nie.
- Bron 3B stel ook dat globalisering in die belang van die rykste lande funksioneer, wat handel oorheers ten koste van ontwikkelende lande, wat in Bron C waargeneem kan word; ontwikkelende lande lyk asof hulle sukkel met ekonomiese groei terwyl die ontwikkelde (VSA) blykbaar ontspan.
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

3.5 3.5.1 *[Verduideliking van historiese konsep uit Bron 3D – V2]*

- 'n Multinasionale korporasie is 'n maatskappy wat in sy tuisland sowel as in lande regoor die wêreld bedryf word.
- Dit onderhou 'n sentrale kantoor wat in een land geleë is, wat die bestuur van al sy ander kantore, soos administratiewe takke of fabrieke, koördineer.
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.5.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*

- Die poste wat in gevaar is, is laer-geskoolde of roetine-rolle wat makliker vervang kan word.
- Globalisering kan voorspoed bring, maar dit skep ook kwesbaarheid in die arbeidsmark, en miljoene Amerikaanse werkers kan geraak word as die VSA nie aanpas nie.
- 14 miljoen poste sal verdwyn – hulle kan uitkontrakteer, geoutomatiseer of fundamenteel verander word deur wêreldwye mededinging.
- Hierdie aanvraag na sekere Amerikaanse poste, veral in vervaardiging en roetinedienswerk, kan verminder word
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.5.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*

- 'Dit werksgeleenthede van Amerikaners weg neem'
- 'Die wanbalans van handel verhoog.' (2 x 1) (2)

3.5.4 *[Bepaal beperking van bewyse uit Bron 3D – V3]*

Die bron is BEPERK omdat:

- Dit beeld nie multinasionale korporasies uit asof hulle die ontwikkeling van arm lande wil bevorder nie
- Dit is bevooroordeeld teenoor multinasionale korporasies
- Dit beklemtoon hoe multinasionale korporasies slegs die ontwikkelde lande bevoordeel
- Dit is wêreldwyd anti-werkers
- Enige ander relevante reaksie (enige 2 x 2) (4)

Free past papers & memos at studypapers.co.za

3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte insluit in hul antwoorde insluit:

- Globalisering bring herorganisasie op die internasionale, nasionale en subnasionale vlakke (Bron 3A)
- Die doel van globalisering is om organisasies 'n beter mededingende posisie met laer bedryfskoste te bied (Bron 3A)
- Globalisering het tot verhoogde internasionale handel gelei (Bron 3A)
- Dit help om meer rykdom in ontwikkelde lande te skep (Bron 3B)
- Funksioneer in die belang van die rykste lande, wat voortgaan om oorheers ten koste van die armes (Bron 3B)
- WHO gee nie om vir die armes in die ontwikkelende lande nie. (Bron 3C)
- Globalisering marginaliseer minder opgeleide en laag-geskoolde werkers (Bron 3D)
- MNC's kan arbeidsonderhandelinge in ontwikkelende lande vermy (Bron 3D)
- Nasionale en internasionale vakbonde het kommer oor multinasionale korporasies uitgespreek (Bron 3D)
- Ekonomiese groei tussen ontwikkelde en ontwikkelende lande neem met globalisering toe (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Kopiereg voorbehou

Free past papers & memos at studypapers.co.za

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	• Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor hoe globalisering die ekonmieë van ontwikkelde en ontwikkelende lande affekteer.** • Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie.	**PUNTE: 0–2**
VLAK 2	Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor hoe globalisering die ekonomieë van ontwikkelde en ontwikkelende lande affekteer.** • Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf.	**PUNTE: 3–5**
VLAK 3	Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip oor hoe globalisering die ekonomieë van ontwikkelde en ontwikkelende lande affekteer.** • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip oor die onderwerp.	**PUNTE: 6–8**

(8)
[50]

Free past papers & memos at studypapers.co.za

AFDELING B: OPSTELVRAE

VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID- AFRIKA DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]

SINOPSIS
Kandidate moet saamstem of nie saamstem met die stelling dat die Swart Bewussynsbeweging geglo het dat swart mense hulself sielkundig moet bevry en selfstandig moet wees in hul stryd om die apartheidregering van die 1960's tot die 1970's uit te daag. Kandidate moet hul lyn van argument met relevante historiese bewyse staaf.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem deur óf saam te stem óf nie saam te stem met die stelling dat die Swart Bewussynsbeweging geglo het dat swart mense hulself sielkundig moet bevry en selfstandig moet wees in hul stryd om die apartheidsregering van die 1960's tot die 1970's uit te daag. Kandidate wat nie saamstem nie, moet hulle hul argument met relevante historiese bewyse ondersteun.

UITBREIDING
- Rede vir die stigting van die Swartbewussynsbeweging (SBB)
- Bevorder 'n gevoel van trots onder swart Suid-Afrikaners
- Beïnvloed swart Suid-Afrikaners om hulleself te aanvaar/selfvertroue te hê/selfonderhoudend te wees/gevoel van identiteit
- Bemagtig swart Suid-Afrikaners om die gees van selfbejammering; minderwaardigheidskompleks; selfvervreemding en dominansie deur eksterne magte te verwerp
- Die stigting van die Swart Bewussynsbeweging is deur die apartheidsregering verwelkom as 'n uitbreiding van afsonderlike ontwikkeling
- Swart studente het hulself begin organiseer om wit oorheersing te weerstaan deur weg te breek van NUSAS en SASO gestig (1968) (selfstandig)
- Swart studente het die filosofie van Swart Bewussyn aangeneem (Rol van Biko/SASB) (sielkundig bevry)
- SASO was vir universiteitstudente en SASB vir skole
- SB het tot die stigting van die Black Peoples Convention (BPC) in 1972 gelei, wat studente, kerke, gemeenskappe en vakbonde betrek het (selfstandig)
- Gemik daarop om swart mense van beide sielkundige en fisiese onderdrukking te bevry
- Unies wat hulle met die SB-filosofie vereenselwig het, was Black Parents' Association en die Black Allied Workers Union (BAWU)

Free past papers & memos at studypapers.co.za

- Die Suid-Afrikaanse Student' Movement is in 1972 gestig, en het swart Suid-Afrikaaners aan die ideale van BC blootgestel (selfstandig en sielkundige vryheid)
- Die skorsing van Tiro, wat tot studenteproteste gelei het
- BPC en SASCO het FRELIMO-saamtrekke georganiseer (1974)
- Skorsing van studente van universiteite
- Die arrestasies van SB-leiers het politieke aktivisme verhoog
- SB het deur Swart Gemeenskapsprogramme onafhanklikheid van wit mense aangehelp (Zanempilo, Health Clinic/Ginsburg Educational Trust Zimele-trustfonds, Solempilo Community Health Centre/Ithuseng Community Health Programme en winterskoolprojekte (selfstandigheid)
- Mobiliseer werkers om vakbonde te stig
- Invloed op werkers het tot die stigting van vakbonde BAWU (Black Allied Workers Union) gelei - (selfstandigheid)
- Stakings in Durban in 1973 (selfstandig en sielkundige vryheid)
- Suid-Afrikaanse Studentebeweging is in 1972 gestig wat swart Suid Afrikaaners aan die ideale van SB blootgestel het (sielkundige vryheid)
- Bantoe-onderwys het Afrikaans as onderrigmedium in skole ingestel (1975)
- SASO en SASB het in beïnvloed studente die stigting van die Soweto-Studente verteenwoordigenderaad (SSVR)
- Beide swart onderwysers en studente het Afrikaans as die taal van die onderdrukker verwerp
- Sommige onderwysers en studente was reeds aan die idees van Biko en die SB-filosofie deur SASO studente-onderwysers van universiteite blootgestel
- Die departementele omsendbrief oor Afrikaans (50/50) het die Soweto-opstand laat ontketen
- Op 16 Junie 1976 studente het vreedsaam teen die implementering van die omsendbrief betoog
- Polisiereaksie op studentbetogings (Hector Peterson, 'n 13-jarige seun was een van die eerste ongevalle van hierdie opstand)
- Baie mense het in ballingskap gegaan (selfstandig en sielkundige vryheid)
- Dood van Biko (1977) in polisieaanhouding
- 19 Oktober 1977 is 19 organisasies met verbintenis aan die SB verban
- Die rol van media wat simpatiek was teenoor die BC-filosofie, bv. *The World* en *The Weekend World* koerante, is gesluit
- Nalatenskap van Biko
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante slot. **[50]**

Free past papers & memos at studypapers.co.za

VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE: ONDERHANDELDE SKIKKING

[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]

SINOPSIS

Kandidate moet 'n gebalansieerde siening verskaf of die pad na demokrasie gekenmerk is deur die voortdurende opkoms van geweld en konflikte wat nie die eerste demokratiese verkiesings in Suid-Afrika in 1994 kon keer nie, maar terselfdertyd gebruik die politieke leiers geweldlose strategieë om te verseker dat demokrasie bereik word. Kandidate moet hul argument met relevante historiese bewyse ondersteun.

HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit.

- Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem en aandui dat dit nie net geweld en konflikte was wat nie die eerste demokratiese verkiesings in Suid-Afrika in 1994 kon keer nie. Hulle moet ook voorbeelde van inhoud gee en hoe hulle dit sou gebruik om hul argument te ondersteun.

UITBREIDING

- FW De Klerk het PW Botha in 1989 vervang
- Toespraak in die parlement op 2 Februarie 1990: Ontbanning van politieke partyye (ANC, die PAC en die SAKP) en ander verbanne partye, Vrylating van Nelson Mandela op 11 Februarie 1990 en ander verbanne politieke leiers in 1990
- Groote Schuur-minuut, 2 Mei 1990 – NP bevry politieke gevangenisse en beide politieke partye het hulle daartoe verbind om geweld te beëindig en te onderhandel (nie-geweld)
- Geweld in die Vaal Driehoek (geweld) Sebokeng
- Pretoria Minute in Augustus 1990 – ANC het gewapende stryd opgeskort en NP hef noodtoestand op (geweldloos)
- Die Nasionale Vredes-ooreenkoms onderteken deur 27 politieke partye – bied veiligheidsnet vir onderhandelinge
- KODESA 1 (20 Desember 1991) – 19 politieke partye behalwe vir Konserwodewe Party en Pan Africanist Congress
- Die Verklaring van Voorneme – partye het ooreengekom om 'n nuwe konstitusie saam saam te stel 'n en tussentydse regering daar te stel (nie- gewelddadige)
- Slegs Blankes Referendum–De Klerk toets wit mening nadat hy drie tussenverkiesings teenoor KP verloor het is, uitslag van Referendum wegholoorwinning Ja onderhandelinge het voort te gaan
- KODESA 2 (2 Mei 1992) – het nie gelaas nie weens geweld en die onvermoë van partye om oor magsdeling ooreen te kom (konflik)
- Boipatong-slagting en invloed van Derde Mag (17 Junie 1992) (geweld)
- Bisho-slagting (September 1992) – ANC-ondersteuners wie deel wou wees van die onderhandelingsproses (geweld)
- ANC het 'n beroep gedoen op rollende massa-aksie teen die Nasionale Party

Free past papers & memos at studypapers.co.za

- Rekord van Verstandhouding (September 1992) – Meyer en Ramaphosa verbind hulself tot vrede en tot onderhandelinge (geweldloos)
- Joe Slovo se Sonsonderklousule (geweldloos)
- Partye wat meer as 5% van stemme wen, sal ’n regering van nasionale eenheid vorm die nuwe SA regeer en kon hul werk 5 jaar behou
- Multiparty onderhandelinge by die Wêreldhandelsentrum hervat maar het nie aangehou nie (geweldloos)
- Die AWB het die onderhandelinge op 25 Junie 1993 onderbreek toe hulle die World Trade Centre met gepantserde voertuig bestorm met die hoop om onderhandelinge te stop (geweld)
- Sluipmoord op Chris Hani (10 April 1993) – Janus Walus (geweld)
- Mandela spreek nasie op TV toe om nasie te kalmeer (geweldloos)
- St James Church-slagting (25 Julie 1993)
- Heidelberg Tavern- (30 Desember 1993)
- Shell House-slagting (28 Maart 1994)
- Datum vir die eerste demokratiese verkiesing vasgestel (27April 1994)
- Voortgesette geweld regdeur verkiesings
- Motorbom buite ANC hoofkantore
- Motorbom het by Jan Smuts-lughawe ontplof
- Verkiesing gehou as gevolg van kompromie
- Uitslae van verkiesing: ANC 62,7%, NP 20,4% en IVP 10,5%
- Die Regering van Nasionale Eenheid is gevorm soos in die sonsondergangsklousule ooreengekom
- Mandela het die eerste swart Staatspresident van die nuwe demokratiese Republiek van Suid-Afrika geword met Thabo Mbeki en FW de Klerk as sy adjunkte
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met ’n relevante slot. **[50]**

Free past papers & memos at studypapers.co.za

VRAAG: 6 DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN ’N NUWE WÊRELDORDE: 1989 TOT HEDE.

[Beplan en konstrueer ’n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]

SINOPSIS

Kandidate moet aandui of dit tot ’n groter of mindere mate was dat Gorbachev se hervormings in die Sowjetunie in die middel 1980’s FW de Klerk beïnvloed het om politieke hervormings in te stel wat die weg vir onderhandelinge vir ’n demokratiese Suid-Afrika gebaan het. Kandidate moet hul argument met relevante historiese bewyse staaf.

HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Inleiding: Kandidate moet ’n standpunt inneem en aandui tot watter mate Gorbachev se hervormings in die Sowjetunie in die middel 1980's, FW de Klerk beïnvloed het om politieke hervormings in te stel wat die weg vir onderhandelinge vir ’n demokratiese Suid-Afrika gebaan het. Hulle moet ook voorbeelde van inhoud gee en hoe hulle dit sou gebruik om hul argumentasie te ondersteun.

UITBREIDING

- Sowjetunie in ekonomiese swaarkry (agtergrond inligting)
- Die Sowjetunie was betrokke by ’n Koue Oorlog met die VSA vir ideologiese oorheersing
- Die kompetisie met wapens en die ruimtewedloop het die Sowjet-ekonomie verswak
- Die Sowjetunie was ook betrokke by die Afghanistan-oorlog, wat ook die Sowjet-ekonomie verlam het
- Gorbachev word in 1985 die Sekretaris-Generaal van die KPSU en leier van die regering op 54-jarige ouderdom
- Hy het gehoop om die Sowjetunie se ekonomie te herleef deur beide die nywerhede en tegnologie te verbeter, sowel as die uitbreiding van sy markte
- Hy het ’n ondoeltreffende en korrupte burokratiese stelsel en ’n ekonomies verswakte Sowjetunie geërf
- Hy het ’n groot risiko geneem om politieke verandering te weeg te bring, veral vir die Sowjetunie, wat vir sy onversetlike Kommunistiese standpunt bekend is.
- Om die ekonomie te laat herleef, het Gobarchev Perestroika en Glasnost in 1985 ingestel ingestel
- Perestroika beteken herstrukturering van die ekonomie
- Perestroika het kleinskaalse private eienaarskap toegelaat en die regering se beheer oor produksie verwyder
- Glasnost beteken openheid en het mense toegelaat om die regering openlik te kritiseer
- Perestroika en Glasnost het tot die eiese vir die beeinding van kommunisme en volle demokrasie gelei
- Glasnost het i tot kritiek op die beleid van Perestroika en gorbatsjof gele
- Baie hardkoppige kommuniste was ontevrede met beleide wat ongewild geword het

Free past papers & memos at studypapers.co.za

- Tuis het hy twee tipe oponente gehad: onversetlike wat teen die hervormings was en liberale wat hom gekritiseer het omdat hy nie vinnig genoeg beweeg het nie
- Die twee beleide het tot verwoestende gevolge gelei omdat hulle mekaar nie ondersteun het nie
- Hy het tuis steun verloor – eenheid van die Sowjetunie was in gevaar en sosialisme is bedreig
- Val van die Berlynse Muur (1989) het die val van kommuniame beteken
- Baie onderliggende verskille het altyd tussen die 15 republieke bestaan
- Burgerlike onrus het tussen verskeie groepe uitgebreek
- Ou vorm van nasionalisme het ontstaan en tot nuwe eise vir onafhanklikheid gelei
- Hy het probeer om die disintergrasie te keer deur die stigting van ’n Federasie van State voor te stel – wat misluk het
- In 1990 het verskeie Sowjetstate, Rusland, onder Gorbacher se bitter teenstander, Boris Yeltsin insluitend, hul onafhanklikheid verklaar
- Op 25 Desember 1991 is die USSR asode die Kommunistieseparty ontbind
- Elkeen van die 15 republieke het onafhanklik geword en lede van die commonwealth of Independent States geword
- Die verbrokkeling het die einde van die Koue Oorlog gesimboliseer

Political reforms in South Africa

- Gesprekke tussen die NP en die ANC in ballingskap
- Die ineenstorting van die Sowjetunie het druk op beide die Nasionale Party-regering en die ANC geplaas om onderhandelinge te begin
- Die nederlaag van die SAW tydens die Slag van Cuito Caunavale in 1988 het die Nasionale Party aangespoor om onderhandelinge met kommuniste oor die onafhanklikheid van Suidwes-Afrika te begin
- FW de Klerk het hervormings ingestel wat tot onderhandelinge tussen die Nasionale Party en die ANC gelei het
- Suid-Afrika het uit Suidwes-Afrika onttrek – SWAPO het die verkiesings gewen (1990) en dit Namibië hernoem
- Hierdie vreedsame oorgang van wit minderheidsregering na swart meerderheidsregering in Namibië het as ’n bloudruk gedien vir SA om dieselfde te doen
- Dit het duidelik geword dat die Nasionale Party-regering nie wit oppergesag vir ewig kon handhaaf nie
- Invloedryke lede van die Nasionale Party het begin besef dat apartheid nie die antwoord was vir die ontwikkeling van ‘wit’ ekonomiese belange nie
- Die regering het begin glo dat hervormings die ontwikkeling van ’n sterk swart middelklas moes insluit wat as ’n ‘bolwerk teen revolusie’ sou dien
- Die Suid-Afrikaanse regering kon nie meer die bedreiging van kommunisme gebruik om Westerse steun te werf nie
- Suid-Afrika kon nie meer op Westerse steun staatmaak vir sy 'anti-kommunistiese' houding nie
- Wêreldpolitiek het verander en dit het ’n impak op Suid-Afrika se apartheidsbeleid gehad
- Die apartheidsregime kon nie meer kommunisme gebruik om sy beleid van rassesegregasie te regverdig nie

Kopiereg voorbehou

Free past papers & memos at studypapers.co.za

- Die Nasionale Party se bewering dat dit Suid-Afrika teen ’n kommunistiese aanval beskerm, het onrealisties geword
- De Klerk het gedink die ANC sou swak wees en het sy bereidwilligheid getoon om met hulle te onderhandel
- Die USSR kon die ANC nie meer finansieël ondersteun nie aangesien dit bankrot was
- Die USSR sou nie meer die ANC met wapens ondersteun nie, aangesien dit vreedsame onderhandelinge bevoordeel het
- Die ANC kon nie die gewapende stryd teen die NP voortsit sonder hierdie militêre en finansiële ondersteuning nie
- Die ANC het nou ook bereidwilligheid getoon om met NP te onderhandel as ’n alternatief vir die gewapende stryd
- FW de Klerk het begin aanvaar dat die swart stryd teen apartheid nie ’n sameswering gerig was wat van Moskou was nie
- Dit het De Klerk in staat gestel om met die bevrydingsorganisasies in gesprek te tree om ’n blywende oplossing vir Suid-Afrika te vind
- Op 2 Februarie 1990 het De Klerk die opheffing van alle anti-apartheidsorganisasies aangekondig en dit het die weg gebaan vir veelpartygesprekke
- Hierdie gesprekke het uiteindelik gelei tot demokratiese verkiesings wat in 1994 gehou is
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met ’n relevante slot. **[50]**

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou

Free past papers & memos at studypapers.co.za